C.

# Anhang

## I. Homonyme — Homonieme

a) Homonyme (gleichlautende Wörter), die sich in Aussprache und Schreibung gleichen:

| | |
|---|---|
| **afslag** Vb. (die Haut abziehen) | **afslag** Subst. (Diskonto, Abschlag) |
| **afval** Vb. (hinunterfallen) | **afval** Subst. (Abfall beim Schlachten) |
| **bestaan** Vb. (bestehen) | **bestaan** Subst. (Existenz, Mittel zum Leben) |
| **bewys** Vb. (beweisen) | **bewys** Subst. (Beweis) |
| **boer** Vb. (Farm bewirtschaften) | **boer** Subst. (Landwirt) |
| **boet** Vb. (büßen, bezahlen) | **boet** Subst. (Kosename für Bruder) |
| **dig** Vb. (dichten) | **dig** Adj. (dicht, zu) |
| **duur** Vb. (dauern) | **duur** Adj. (teuer) |
| **eer** Vb. (ehren) | **eer** Subst. (Ehrung) |
| **erg** Vb. (verärgern) | **erg** Adj. (sehr, in hohem Maße) |
| **graaf** Vb. (graben) | **graaf** Subst. (Spaten, Graf) |
| **haas** Vb. (hasten) | **haas** Subst. (Hast, Hase) |
| **hang** Vb. (aufhängen) | **hang** Subst. (Abhang) |
| **ken** Vb. (kennen) | **ken** Subst. (Kinn) |
| **kos** Vb. (kosten) | **kos** Subst. (Essen) |
| **maal** Vb. (mahlen) | **maal** Subst. (Mahlzeit, [ein]mal) |
| **maan** Vb. (mahnen) | **maan** Subst. (Mond), vgl. maanhaar Mähne) |
| **mag** Vb. (vermögen, können) | **mag** Subst. (Macht, Einfluß) |
| **melk** Vb. (melken) | **melk** Subst. (Milch) |
| **mik** Vb. (zielen) | **mik** Subst. (Astgabel) |
| **moet** Vb. (müssen) | **moet** Subst. (Kennzeichen) |
| **nooi** Vb. (nötigen, einladen) | **nooi** Subst. (Mädchen, Frau) |
| **pak** Vb. (packen, greifen) | **pak** Subst. (Anzug, Haufen) |
| **pols** Vb. (vorsichtig, ausfragen) | **pols** Subst. (Puls) |
| **prys** Vb. (loben) | **prys** Subst. (Preis) |
| **ryk** Adj. (reich) | **ryk** Subst. (Reich, Gebiet) |
| **ryp** Adj. (reif) | **ryp** Subst. (Reif) |

| | |
|---|---|
| **skat** Vb. (schätzen) | **skat** Subst. (Schatz) |
| **sterk** Vb. (ermutigen) | **sterk** Adj. (stark) |
| **trek** Vb. (ziehen, weggehen) | **trek** Subst. (Zug) |
| **trou** Vb. (heiraten) | **trou** Adj. (treu) |
| **vrek** Vb. (verrecken, verenden) | **vrek** Subst. (Geiz) |

b) Homonyme, die sich nur in der Aussprache gleichen:

| | |
|---|---|
| **bleik [bleek]** (bleichen) | **blyk** (scheinen, deutlich werden) |
| **bond** (Bund) | **bont** (bunt) |
| **eed** (Eid) | **eet** (essen) |
| **eik** (Eiche) | **yk** (eichen) |
| **eis** (Forderung, heischen) | **ys** (Eis) |
| **end** (Schluß [einer Geschichte]) | **ent** (Entfernung [Stück Weg], einimpfen, veredeln) |
| **fonds** (Geldsumme) | **vonds** (Fund) |
| **feit** (Tatsache) | **fyt** (Entzündung) |
| **fors** (stark, forsch) | **vors** (Fürst) |
| **graad** (Grad) | **graat** (Gräte) |
| **hard** (hart) | **hart** (Herz) |
| **haal** (streifen, erreichen) | **hael** (Hagel) |
| **hei** (Heide) | **hy** (er [Pron.]) |
| **kruid** (Kraut) | **kruit** (Schießpulver) |
| **lei** (führen, Schiefer) | **ly** (leiden) |
| **lood** (Blei) | **loot** (Sproß, Steckling) |
| **luid** (laut) | **luit** (Laute) |
| **maar** (aber) | **maer** (mager) |
| **moed** (Mut) | **moet** (müssen) |
| **my** ([Pron.] mein) | **Mei** (Mai) |
| **peil** (Niveau, Höhe, peilen) | **pyl** (Pfeil) |
| **pond** (Pfund) | **pont** (Boot) |
| **rand** (Kante, Rand) | **rant** (Hügelkette) |
| **rei** (Reigen, Chor) | **ry** (Reihe, reiten) |
| **reik** (reichen) | **ryk** (reich) |
| **reis** (Reise) | **rys** (Reis, emporsteigen) |
| **skud** (schütteln) | **skut** (Schütze, schützen, Kral) |
| **stad** (Stadt) | **stat** (Negerdorf) |
| **steil** (steil) | **styl** (Stil) |
| **swaar** (schwer) | **swaer** (Schwager) |

| | |
|---|---|
| **veil hê** (feilhalten) | **vyl** (Feile, feilen) |
| **vereis** (verlangen) | **verys** (zufrieren, Eis werden)<br>**verrys** (auferstehen) |
| **vlei** (Niederung, schmeicheln) | **vly** (sich hinlegen) |
| **voed** (füttern) | **voet** (Fuß) |
| **wand** (Wand) | **want** (denn) |
| **wei** (Wiese, weiden) | **wy** (weihen) |
| **weier** (weigern) | **wyer** (weiter, breiter) |

c) Bedeutungsunterschiede:

Es sei hier nochmals darauf hingewiesen, daß verschiedene Formen eines Wortes mit unterschiedlicher Bedeutung auftreten können.

1. Verschiedene Pluralformen desselben Wortes:

| | |
|---|---|
| **blad — blaaie** (Blätter eines Buches) | **blad — blare** (Blätter eines Baumes) |
| **goed — goedere** (Güter, Handelsware) | **goed — goeters** (allerlei Sachen) |

Siehe § 4. Das Substantiv, 4. c.

2. Verben mit verschiedenen Partizip-Perfekt-Formen:

**slyp** — 'n **geslypte** mes (ein geschliffenes Messer)
'n **geslepe** dief (ein gerissener Dieb)

Die beiden Formen unterscheiden sich nach ihrem Bedeutungskreis, und zwar besitzt die schwache Form die wörtliche, die starke Form gewöhnlich eine übertragene Bedeutung (vgl. § 3. Das Verbum, C 4, c).

3. Weitere Beispiele:

| | |
|---|---|
| boedel (Besitztum, Nachlaß) | boel (Menge, Haufen) |
| daarom (deswegen) | darem (doch, jedoch) |
| kwaad (böse) | kwaai (bösartig) |
| kwets [kwes] (jemand treffen [fig.]) | kwes (verwunden) |
| sag [saf] (freundlich, zart) | saf (weich) |
| tabak [twak] (Tabak) | twak (Unsinn) |
| teenwoordig (anwesend) | teenswoordig (jetzt) |
| voor (vor) | vir (für) |

usw.

## II. Sprichwörter und Redewendungen
### Spreekwoorde en Idiome[1])

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Aanhouer wen (win) | Wer Ausdauer hat, siegt |
| 2. | Die bottel goed aanspreek | Tief ins Glas schauen |
| 3. | Al dra 'n aap 'n goue ring, hy is en bly 'n lelike ding | Äußerer Schein ändert den Charakter nicht |
| 4. | 'n Aardjie na sy vaartjie | Wie der Vater, so der Sohn |
| 5. | Iemand is 'n aasvoël | Jemand ist ein Vielfraß (Ausbeuter) |
| 6. | Op die afdraand wees | Auf dem absteigenden Ast sitzen |
| 7. | Hy het sy sake agtermekaar | Er hat seine Geschäfte in Ordnung |
| 8. | Agteros kom ook in die kraal | Langsam aber sicher |
| 9. | Hy is gou op sy agterpote | Er ist sehr empfindlich, wird schnell böse |
| 10. | 'n Perd agterstevoor ry | Den Wagen vors Pferd spannen |
| 11. | Iets vir 'n appel en 'n ei (eier) verkoop | Etwas für ein Butterbrot verkaufen |
| 12. | Die appel val nie ver van die boom nie | Der Apfel fällt nicht weit vom Stamm |
| 13. | 'n Appeltjie met iemand te skil hê | Mit jemandem ein Hühnchen rupfen |
| 14. | 'n Appeltjie vir die dors | Spare in der Zeit, so hast du in der Not |
| 15. | Sy baadjie vir 'n ander uittrek | Gutmütig sein für andere |
| 16. | Hy wil altyd baasspeel | Alles nach seinem Sinn haben wollen |
| 17. | Die bal aan rol sit | Den Stein ins Rollen bringen |
| 18. | Beter bang Jan as dooie Jan | Es ist besser ängstlich als gleichgültig zu sein |
| 19. | Soos jy jou bed maak, so sal jy gaan slaap | Wie man sich bettet, so liegt man |
| 20. | Die beste touleier sit op die voorbok | Wer nicht dabei ist, hat immer gut reden |
| 21. | Sterk bene kan alleen die weelde dra | Reichtum ist schwer zu tragen |
| 22. | 'n Goeie begin is halfpad gewin | Frisch begonnen, ist halb gewonnen |
| 23. | Beter beny as bekla | Besser beneidet als bedauert |

[1]) Für weitere Sprüche und Redewendungen verweise ich auf das „Spreekwoordeboek" von de Villiers, Kritzinger und Pienaar, Verlag van Schaik, Pretoria 1922.

| | |
|---|---|
| 24. 'n Berg van 'n molshoop maak | Aus einer Mücke einen Elefanten machen |
| 25. 'n Nuwe besem vee skoon | Neue Besen kehren gut |
| 26. Bitter in die mond maak die hart gesond | Bittere Medizin ist heilsam |
| 27. Bloed is dikker as water | Die Angehörigen stehen einem am nächsten |
| 28. 'n Bloutjie loop | Sich einen Korb holen |
| 29. Die bobbejaan agter die bult gaan haal | Schwierigkeiten nicht aus dem Wege gehen |
| 30. Boekevat | Hausgottesdienst halten |
| 31. Bogpraatjies verkoop | Unsinn reden |
| 32. 'n Bok skiet | Einen Bock schießen (einen Fehler begehen) |
| 33. Hoë bome vang baie wind | Wer oben steht, ist der Kritik am meisten ausgesetzt |
| 34. Om die bos lei | Irreführen, betrügen |
| 35. Dis botter aan die galg gesmeer | Verlorene Liebesmüh |
| 36. Botter by die vis | Bar bezahlen |
| 37. Iemand se briek aandraai | Jemanden zwingen, in einer Sache langsamer vorzugehen |
| 38. Die een se dood is 'n ander se brood | Des Einen Tod ist des Anderen Brot |
| 39. Die bul by die horings pak | Die Gelegenheit beim Schopf fassen |
| 40. Die put demp as die kalf verdrink het | Den Brunnen schließen, nachdem das Kind ertrunken ist |
| 41. 'n Halwe eier is beter as 'n leë dop | Ein Sperling in der Hand ist besser als zehn auf dem Dache |
| 42. Erfgeld ist swerfgeld | Wie gewonnen, so zerronnen |
| 43. So fris soos 'n vis in die water | Frisch wie ein Fisch im Wasser |
| 44. Gedane sake het g'n keer nie | Was vorbei ist, ist vorbei |
| 45. Geld wat stom is, maak reg wat krom is | Geld regiert die Welt |
| 46. Hy is agter geld soos die duiwel agter 'n siel | Er ist hinter dem Gelde her wie der Teufel hinter einer armen Seele |
| 47. Hy het meer geluk as wysheid | Er hat mehr Glück als Verstand |
| 48. Veel geskreeu en weinig wol | Viel Lärm um nichts |
| 49. Gesout wees teen iets | Gegen etwas gefeit sein |

| | |
|---|---|
| 50. Met geweld kan 'n mens die duiwel van die berg ja | Macht erreicht alles |
| 51. Goedkoop is duurkoop | Billiger Kauf ist schlechter Kauf |
| 52. Gekrulde hare, gekrulde sinne | Kraus das Haar und kraus der Sinn |
| 53. Hoe meer haas hoe minder spoed | Eile mit Weile |
| 54. Van die hand in die tand leef | Von der Hand in den Mund leben |
| 55. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor | Wes' das Herz voll ist, des' geht der Mund über |
| 56. Die hek is van die kraal | Wenn die Katze fort ist, tanzen die Mäuse |
| 57. Hy loop soos 'n hen wat nes soek | Viele Anstalten machen, ohne etwas zu tun |
| 58. Iemand op heterdaad betrap | Jemanden auf frischer Tat ertappen |
| 59. Moenie hoër vlieg as wat jou vlerke lank is nie | Über das Maß der eigenen Kräfte gehen |
| 60. Elke jakkals prys sy stert | Jeder ist geneigt, sich selbst zu loben |
| 61. Blawwende honde byt nie | Hunde, die bellen, beißen nicht |
| 62. Te veel hooi op sy vurk neem | Mehr anfangen, als man vollbringen kann |
| 63. Iets op eie houtjie doen | Eigenmächtig handeln |
| 64. Elke huisie het sy kruisie | Jeder hat sein Päckchen zu tragen |
| 65. Hoe kaler jakkals hoe groter stert | Wer am wenigsten besitzt, hat die größten Worte |
| 66. Rondvlieënde kraaie kry altyd iets | Wer sucht, der findet |
| 67. Die kat uit die boom kyk | Eine abwartende Haltung annehmen |
| 68. Die kat in die donker knyp | Im Stillen anders handeln als in der Öffentlichkeit |
| 69. Iemand kniehalterspan | Jemand am Gängelband halten |
| 70. Die knoop sit aan die end van die riem | Das dicke Ende kommt nach |
| 71. Ou koeie uit die sloot haal | Alte Geschichten wieder ausgraben |
| 72. Die kool is die sous nie werd nie | Die Sache ist nicht der Mühe wert |
| 73. Iemand oor die kole haal | Jemandem die Wahrheit sagen |
| 74. Kopskote gee | Schlagfertig sein |
| 75. Wie die laaste lag, lag die lekkerste | Wer am letzten lacht, lacht am besten |
| 76. Rieme uit 'n ander se leer sny | Flott mit anderer Leute Geld leben |

| | |
|---|---|
| 77. Lekker is 'n vinger lank | Schöne Stunden gehen schnell vorüber |
| 78. Sy mantel na die wind draai | Das Segel nach dem Winde drehen |
| 79. Hy staan met die mond vol tande | Er ist am Ende seines Lateins |
| 80. Hy het sy Moses gekry | Er hat seinen Gegenspieler gefunden |
| 81. Klein muisies het groot ore | Man soll nicht alles in Gegenwart der Kinder erzählen |
| 82. Wie sy neus sny, skend sy aangesig | Wer sein Nest besudelt, beschmutzt sich selbst |
| 83. Hulle trek nou-strop | Sie haben es schwer |
| 84. Onbekend maak onbemind | Unbekannt ist unbeliebt |
| 85. Die oog van die meester maak die perd vet | Man muß seine Belange selbst wahren |
| 86. Oos, wes, tuis bes | Eigener Herd ist Goldes wert |
| 87. Van die os op die esel spring | Vom Hundertsten ins Tausendste kommen |
| 88. Soos die oude songe, so piep die jonge | Wie die Alten sungen, so zwischern die Jungen |
| 89. As dit pap reën, moet jy skep | Man muß das Eisen schmieden, solange es warm ist |
| 90. Die maerste perd skop die seerste | Was man am wenigsten erwartet, trifft doch einmal ein |
| 91. Die pot aan die kook hou | Die Sache im Gang halten |
| 92. Praatjies vul nie gaatjies nie | Mit Reden allein ist es nicht getan |
| 93. Wie 'n put graaf vir 'n ander, val daar self in | Wer andern eine Grube gräbt, fällt selbst hinein |
| 94. Iemand 'n riem onder die hart steek | Jemanden ermutigen |
| 95. Daar is geen rose sonder dorings nie | Keine Rose ohne Dornen |
| 96. Wie nie saai nie, sal nie maai nie | Wer nicht sät, wird nicht ernten |
| 97. Iemand sand in die oë strooi | Jemandem Sand in die Augen streuen |
| 98. Meng jou met semels, dan vreet die varke jou op | Schlechte Gesellschaften verderben gute Sitten |
| 99. Daar gaan baie mak skape in een kraal | Viele Schafe gehen in einen Stall |

| | |
|---|---|
| 100. Deur skade en skande word mens wys | Durch Schaden wird man klug |
| 101. Skoenmaker hou jou by jou lees | Schuster, bleib bei deinem Leisten |
| 102. Skoonheid vergaan, maar deug bly staan | Schönheit vergeht, doch Tugend besteht |
| 103. Die skouer aan die wiel sit | Fleißig arbeiten |
| 104. Hy skiet nie alleen met spek nie, maar hy gooi met die hele vark | Er lügt, daß er es selbst glaubt |
| 105. Spring nie verder as wat jou stok lank is | Nicht über das Maß der eignen Kräfte gehen |
| 106. Die spyker op die kop slaan | Den Nagel auf den Kopf treffen |
| 107. Spyt is 'n goeie ding, maar hy kom altyd te laat | Die Reue kommt immer zu spät |
| 108. Stank vir dank kry | Undank ist der Menschen Lohn |
| 109. Die kind het stokkies gedraai | Das Kind hat die Schule geschwänzt |
| 110. Die strop om die nek hê | Das Wasser am Halse stehen haben |
| 111. Een swaeltjie maak nog nie somer nie | Eine Schwalbe macht keinen Sommer |
| 112. Die tering na die nering sit | Ausgaben nach den Einnahmen richten |
| 113. Trou is nie perdekoop nie | Heiraten ist kein Pferdekauf |
| 114. Hy verkoop twak | Er verzapft Unsinn |
| 115. Ander tye, ander mense | Andre Zeiten, andre Sitten |
| 117. Iemand uitoorlê | Jemanden übertrumpfen, überlisten |
| 118. Vastrap (vasstaan, aanhou) | Mut und Ausdauer haben |
| 119. Waar jy mee verkeer, word jy mee geëer | Sage mir, mit wem du umgehst, und ich sage dir, wer du bist |
| 120. Uit die voete maak | Sich aus dem Staube machen |
| 121. Hy is soos 'n volstruis, waar hy kom is hy tuis | Überall fühlt er sich zu Hause. Er ist mit allem zufrieden |
| 122. Vorentoe boer (beur) | Fortschritte machen |
| 123. Na vrolikheid kom olikheid | Auf den Sonntag folgt der blaue Montag |
| 124. Ek weet nie hoe die vurk in die steel steek nie | Ich bin nicht auf der Höhe, nicht unterrichtet |
| 125. Dis bokant my vuurmaakplek | Das geht über meinen Verstand |
| 126. Iemand van die wal in die sloot help | Vom Regen in die Traufe kommen |

| | |
|---|---|
| 127. Water in die see dra | Wasser ins Meer gießen |
| 128. In troebel water visvang | Im Trüben fischen |
| 129. Iemand in die wiele ry | Jemandem in den Arm fallen |
| 130. Vir wolf skaapwagter maak | Den Bock zum Gärtner machen |
| 131. Woorde wek, maar voorbeelde trek | Eine gute Tat ist besser als ein Haufen Ratschläge |
| 132. Goeie wyn prys homself | Gute Ware preist sich selbst |
| 133. 'n Mens kan nie yster met hande breek nie | Man kann nicht mit dem Kopf durch die Wand rennen |
| 134. Soort soek soort | Gleich und gleich gesellt sich gern |
| 135. Ongeluk kom nie alleen nie | Ein Unglück kommt selten allein |
| 136. Uit die oog, uit die hart | Aus den Augen, aus dem Sinn |
| 137. Eerlik duur die langste | Ehrlich währt am längsten |
| 138. 'n Goeie plan is 'n halwe boerdery | Gut begonnen ist halb gewonnen |
| 139. Tou opgooi | Den Mut verlieren. Bankrott machen |
| 140. End goed, alles goed | Ende gut, alles gut |
| 141. Wind sonder stof | Viel Geschrei um nichts |
| 142. Hy is uit die pad uit | Er ist aus dem Häuschen |
| 143. Iemand touwys maak | Jemanden einweihen |
| 144. Lepel in die dak steek | Den Mut verlieren, aufhören |
| 145. Omgee is hond se kind | Das schiert mich nicht |
| 146. Iemand dophou | Jemanden im Auge behalten |
| 147. Die perd is al dood gery | Die Sache ist uralt |
| 148. Dit het broekskeur (naelskraap) gegaan | Es hat Mühe gekostet |
| 149. Hy is 'n papbroek | Es ist ein Schwächling |
| 150. Sy maters is dood | Er ist unübertroffen |

## III. Anrede, Briefanfänge und -schlüsse
## Korrespondensieterme

### 1. Anrede — Manier van Toespreek

| | |
|---|---|
| a) Die Heer, die Here (H. H.) | (An) Herrn, (An die) Herren |
| Meneer (Mnr.), Menere (Mnre) | Herr, Meine Herren |
| Dames en Here | Meine Damen und Herren |
| Die Jongeheer | (An) den (jungen) Herrn |
| Geagte Heer, Waarde Heer | Geehrter Herr |

| | |
|---|---|
| Seer geagte Heer | Sehr geehrter Herr |
| Die Weledele Heer | Euer Hochwohlgeboren |
| Weleerwaarde Heer | Hochverehrter Herr (für Geistliche: Hochwürden) |
| Ds. (Dominus, Dominee) | Herr Pfarrer (Herr Pastor, für den evangelischen Geistlichen) |
| Gebr. (Gebroeders) | Gebrüder (Gebr.) |
| Firma | Firma (Fa.) |
| Eks. (Eksellensie) | Exzellenz |
| Die Edelagbare [Ed. agb.] (für einen Minister) | Herr Minister |
| dr. (dokter, doktor) ens. | Herrn Dr. (Doktor) med., Dr. phil. u. a. |
| b) Mevrou (Mevr.) | Frau (gnädige Frau) |
| Mejuffrou (Mej.) (im Gebrauch meistens Juffrou) | Fräulein (Frl.), gnädiges Fräulein |
| Mejuffroue (Mejj.) | Die Damen, Meine Damen |
| Waarde Mevrou | Sehr geehrte gnädige Frau |
| Waarde Mejuffrou ens. | Sehr geehrtes gnädiges Fräulein u. a. |
| c) Beste (Vriend) | (Mein) lieber Freund |
| Liewe (Vriendin) | Liebe Freundin |
| Liewe (Beminde) Ouers | Liebe (geliebte) Eltern |
| Liewe Oom en Tante | Lieber Onkel und liebe Tante |
| Liewe Suster oder Sus (Neef, Niggie) | Liebe Schwester (lieber Vetter, liebe Base, lieber Neffe, liebe Nichte) |
| Beste Ouboet | Lieber Bruder |
| My Boetie | Mein Bruder |
| p. a. (per adres) | per Adresse (p. Adr.), bei |
| P. K. (Poskantoor) | Postamt |
| Bpk. (Beperk) | m. b. H. |

## 2. Briefanfänge — Briefaanhewwe

1. Applikasies word gevra vir die betrekking van ...
2. Ek sien vanoggend in die koerant dat u firma applikasies vra vir die betrekking van ...
3. Stuur ons asseblief per terugkomende trein die volgende ...
4. Hiermee erken ons die ontvangs van u brief van ...

5. Met betrekking tot u advertensie in . . . versoek ek u hierby beleef . . .
6. Met betrekking tot u brief van . . . kan ek u die volgende inligting gee . . .
7. Jou brief was vir my 'n aangename verrassing . . .
8. Dis met die grootste leedwese dat ek verneem het . . .
9. Baie dankie vir jou (u) brief van deelneming met ons in ons . . .
10. Mnr. en Mevr. X. . . . versoek vriendelik die teenwoordigheid van . . .
11. Dit spyt Mnr. X. . . . dat . . .
12. Met dank neem Mevr. Z. . . . die vriendelike uitnodiging aan . . .
13. Hartlik dank vir u baie vriendelike uitnodiging. Dit spyt my egter . . .
14. Met genoeë neem ons kennis van . . .
15. Ek het die eer om te rapporteer dat . . .
16. Met verwysing na u brief van . . . het ek die eer om u te meld dat . . .

### 3. Briefschlüsse — Die Slot van Briewe

1. U dw. dnr. (dr.) (U dienswillige dienaar)
2. Hoogagtend die Uwe
3. Ek het die eer te wees (my te noem), u dw. dr.
4. Met (die meeste) hoogagting, die Uwe
5. Ontvang die beste groete van jou vriend (vriendin)
6. Wees intussen hartlik gegroet van die hele huis
7. Groete van jou oom (tante)
8. Met hartlike groete en alles van die beste
9. Groetend u (toegeneë) vriend (vriendin)
10. U by voorbaat dankende vir u gunstige antwoord bly ek . . .
11. In afwagting van verder instruksies het ek die eer om my te noem, U dw. dnr.
12. Vertrouende om verder met u geëerde orders begunstig te word, bly ons . . .
13. In afwagting van 'n spoedige antwoord, teken ons . . .
14. Met ons beste wense vir die nuwe jaar, teken ons, hoogagtend . . .
15. Ons dank u by voorbaat vir alles, wat u vir die Heer Y. sal doen, en ons is altyd tot wederdiens bereid. U diensw. dienaar . . .

## IV. Privatbriefe — Privaatbriewe

### 1. Einladung — Uitnodiging

**A**

Kerkstraat 14,
Pretoria. 10 Junie, 1934

Mnr. en Mevr. Nienaber versoek vriendelik die teenwoordigheid van Mnr. (Mevr.) Malherbe op 'n huiskonsert op Saterdagaand om 8 uur, die 16de deser.

**B**

Waarde Meneer (Mevrou, Mejuffrou) . . .

Op Saterdagaand om 8 uur, die 16de deser, het ons 'n aandkonsert aan huis. U teenwoordigheid met die geleentheid sal ons baie op prys stel. As dit u geleë is, kom dan seker oor. Buite klavierstukke sal Mej. . . . van die Stadskonservatorium liedere van Brahms en Wolf voordra.

Groetend,
u vriend (vriendin),

---

Met dank neem Mnr. (Mevr.) Malherbe die vriendelike uitnodiging van Mnr. en Mevr. Nienaber aan vir die huiskonsert op Saterdag, die 16de deser.

---

Hartebeestpoort,
Mooigesig. 13 Junie, 1934

Dit spyt Mnr. (Mevr.) Malherbe, dat weens 'n skielike afreis dit vir hom (haar) nie moontlik sal wees om die vriendelike uitnodiging van Mnr. en Mevr. Nienaber vir die huiskonsert aan te neem nie.

---

Waarde Meneer . . .

Met genoeë neem ek u vriendelike uitnodiging van . . . deser aan vir die musiekaand aan huis.

Wees intussen gegroet van,

u toegeneë vriend,

---

Waarde Meneer . . .

Hartlik dank vir u baie vriendelike uitnodiging. Dit spyt my egter dat ek u moet meedeel, dat dit ten gevolge van 'n ligte ongesteldheid vir my onmoontlik sal wees om te kom. Ek hoop om op 'n volgende musiekaand by u te kan wees. U weet ek hou baie van musiek en sang.

Groetend,
u vriend,

## 2. Glückwunsch und Teilnahme
## Briewe van Gelukwensing en van Simpatie

**A**

Bloemfontein, Bus 410. 5 Maart, 1935

Beste Koos,

So-ewe lees ek in ons koerant dat jy onder die mededingers in die Kunswedstryd die eerste prys behaal het. Ek wens jou van harte geluk met jou sukses. Ek hoop jy sal nog groter suksesse in jou verder kunstenaarslewe behaal.

Is jy van plan om in Europa verder te gaan studeer? Ek is baie nuusgierig van jou 'n woordjie daaroor te verneem. Sien ons mekaar binnekort?

Ontvang intussen die beste groete, van jou vriend,

Danie

**B**

Klipfontein, De Jagersdrift. 10 Maart, 1935

Liewe Vriend,

Jou brief was my 'n aangename verrassing! Dankie vir jou gelukwensing.

Ek stel sulke blyke van belangstelling van my vriende baie op prys. Dit sal my aanmoedig om nog meer my kragte in die toekoms in te span. Ek is van plan om volgende jaar na Europa te gaan en wel na Duitsland om my studies verder voort te sit.

Met die deurreis na Kaapstad hoop ek om jou te kan besoek, dan kan ons oor ons planne verder gesels.

Wees intussen hartlik gegroet van, jou vriend,

Koos

**C**

Natalse-Universiteitskollege,
Pietermaritzburg-Scottsville. 2 November, 1935

Liewe Tante,

Met die grootste leedwese het ek van die afsterwe van oom Niklaas verneem. Geliewe die uitdrukking van my diepste simpatie aan te neem. Ek kan u verseker dat ek aan die onherstelbare verlies die grootste aandeel neem.

Sodra ek verlof kry, hoop ek om u persoonlik 'n besoek te kan bring. Wees gegroet van,

u neef, Gawie

**D**

Mooigesig, Volksrust, 10 November, 1935

Beste Neef,

Baie dankie vir jou brief van deelneming met ons in ons smartlike verlies; ons waardeer jou gevoelens van simpatie. Oom Niklaas is baie sag van ons weggegaan. Maar sy plek sal lank leeg bly in ons hart en ons huis. Ons moet probeer om te berus in die beskikking van die Voorsienigheid. Dankie vir die belofte van 'n besoek; dit sal ons tans dubbel welkom wees.

Groete van, jou tante, Bessie

**E**

Danksagung — Dankbetuiging

Ek wens hiermee my opregte dank te betuig aan al die dierbare vriende(inne) en familie vir onskatbare dienste bewys, kranse, telegramme ens., met die skielike heengaan van my dierbare eggenoot en ons teerbeminde vader.

Kafferboomspruit, Alexandria — Die Weduwee en Kinders

**F**

Vermählungsanzeige — Huweliksaankondiging

SANNIE VAN ZYL

PIETER COETZEE

Mnr. en Mev. J. F. van Zyl,
van „Mooifontein", Cedarville,
nooi u vriendelik uit na die
huwelik van hulle dogter

SANNIE met PIETER COETZEE, „Nooitgedacht", Parys,

in die Ned. Geref. Kerk, Cedarville,
Woensdag, 9e Julie, om 11.30 v. m.

Resepsie: Stadsaal — R. S. V. P.

## 3. Amtliche Briefe und Bekanntmachungen
## Offisiële Briewe en Kennisgewings

### A

Sekretaris, Departement van Binnelandse Sake,
Uniegebou, Pretoria

Keeromstraat 10, Kaapstad, 10 Julie, 1935

Meneer,

Hiermee wil ek beleef versoek om my die nodige inligtings te stuur oor die voorwaardes ooreenkomstig Art. 19 I, A van die Wet op Britse Nasionaliteit in die Unie en Naturalisasie en Status van Vreemdelinge van 1926. In besonder sou ek wil weet of daar enige beperkings bestaan teenoor sekere onderdane van vreemde lande.

U by voorbaat dankende vir die gevraagde informasie,

het ek die eer my te noem,

u dw. dnr. . . .

### B

Die Heer C. T. van Schalkwyk
Keeromstraat 10, Kaapstad

Departement van Binnelandse Sake
Pretoria, 20 Juli, 1935

Meneer,

Met betrekking tot u brief van 10 Julie kan ek u die volgende inligting gee.

Om genaturaliseer te word moet 'n vreemdeling aan die volgende voorwaardes voldoen: —

(a) Hy moet die ouderdom van 21 jaar bereik het.

(b) Hy moet minstens 5 jaar gedurende die 8 jaar onmiddellik voorafgaande aan die datum van sy applikasie, in die Unie of in enige ander deel van die Britse Ryk gewoon het. Hierdie tydperk van 5 jaar moet werklike inwoning in die Unie insluit gedurende 1 jaar onmiddellik voorafgaande aan die datum van applikasie, met die orige 4, òf in die Unie, òf in 'n ander deel van die Britse Ryk; òf

(c) Hy moet vir 'n tydperk van 5 jaar gedurende die 8 jaar onmiddellik voorafgaande aan die datum van applikasie vir naturalisasie in diens van die Kroon, b.v., in die leër, seemag, of staatsdiens gewees het.

(d) Hy moet goed bekend staan en van goeie gedrag wees.

(e) Hy moet in staat wees om een van die twee offisiële tale te lees en te skryf ter voldoening van die Minister.

(f) Hy moet van plan wees om na naturalisasie in die Unie of in 'n ander deel van die Britse Ryk te bly woon, of te dien onder die Kroon.

Met die vertroue dat die informasie nuttig vir u sal wees het ek die eer te wees, u dw. dnr.

P. W. du Plessis

Sekretaris, Departement van Buitenlandse Sake

C

Aan die Voorsitter van die Saamwerk-Unie
Ladysmith/Natal

Poskantoor, Ladysmith
31 Oktober, 1935

Waarde Heer,

Ek het ~~die~~ eer u mee te deel dat gedurende die afgelope maand daar by die plaaslike poskantoor Voortrekkerseëls ter waarde van £ 39, 3 s, 3 d verkoop is. Dit is ongeveer driemaal so veel as wat verlede jaar se Voortrekkerseël-Veldtog plaaslik opgebring het. Laat my hiermee my opregte dank betuig teenoor die dames van die Saamwerk-Unie wat vrywillige dienste gelewer het ter bevordering van die verkoping van die seëls. U dienswillige dienaar,

R. B. Rautenbach

Posmeester

D

Die Afrikaanse Studente van Berlyn het die genoeë en eer om

Dr. en Mevrou M. R. Breyne

hartlik uit te nooi tot hulle Dingaansdagviering wat op Maandagaand, 16 deser, om 8 uur n.m. in Charlottenburg, Leibnitzstraat 69, plaasvind.

Namens die Afrikanerstudente

H. B. Thom

R.S.V.P., Berlin-Charlottenburg 4,
Schlüterstraße 63 III

**E**

Mnr. H. B. Thom
Charlottenburg 4, Schlüterstr. 63 III

Woltersdorfer Schleuse b/Berlin
Haus Flandern,
14 Desember, 1935

Met dank neem Dr. en Mevr. Breyne die vriendelike uitnodiging van die Afrikaanse Studente aan vir die Dingaansdagviering op Maandagaand, die 16de deser.

**F**

## Universiteit van die Witwatersrand

**METALLURGIESE NAVORSINGS-LABORATORIUM**

Applikasies word versoek vir twee poste op die navorsingswerkstaf. Kandidate moet in besit wees van 'n Universiteitsgraad of 'n daarmee gelykstaande kwalifikasie wat 'n bevredigende opleiding in Metallurgie, Meganiese Konsentrasie van Ertse en Metaalkeuring aandui.

Praktiese ondervinding wat opgedoen is na graduasie sal 'n verdere aanbeveling wees.

Die salarisskaal is £ 300—£ 25—£ 400 per jaar.

Applikasies moet die Registrateur, Posbus 1176, Johannesburg, (van wie verdere besonderhede verkrygbaar is) bereik nie later as Maandag 30 April nie.

### 4. Geschäftsbriefe, Vordrucke usw.[1]
### Besigheidsbriewe, Formuliere ens.

**A**

Angebote — Aanbiedings

Die Here Jooste & Kie.,
Kerkstraat 28, Durban.

Langstraat 340, Pretoria,
15 Augustus, 1927

Waarde Here,

Daar ons op die punt staan om ons orders vir die aanstaande winterseisoen te plaas, versoek ons u om ons so spoedig moontlik 'n kolleksie monsters van u nuutste wolstowwe met u laagste prysopgawes te stuur. U by voorbaat dankende, Bly ons, Die uwe,

Viljoen & Coetzee.

---

[1]) Die hier aufgenommenen Briefe und Vordrucke sind dem ausgezeichneten Buch „Handels-Afrikaans", von Botes und De Lange, Verlag van Schaik, Pretoria, 2. Aufl. 1930, entnommen.

### Antwort — Antwoord

Die Here Viljoen & Coetzee,
Langstraat 340, Pretoria.

Kerkstraat 28, Durban
18 Augustus, 1927

Waarde Here,

In antwoord op u geagte brief van 15 deser stuur ons u, per pakketpos, 'n kolleksie monsters van ons nuutste wolstowwe.

Ingeslote vind u ons laagste prysopgawes.

Vertrouende om spoedig met u geëerde orde begunstig te word,

Teken ons, U dienswillige,

## B

### Bewerbung — Aansoek vir 'n Betrekking

Die Here.....................

Menere,

In antwoord op u advertensie in die „......" van ..... vir 'n ..... (Juniorklerk; Boekhouer, ens.) wens ek hiermee aansoek te doen vir die betrekking.

Ek is ... jaar oud en in diens van die firma ... op ... as ...

Nadat ek die Junior Handelsertifikaat-Eksamen met goeie gevolg afgelê het in 19... het ek as klerk in diens van bogenoemde firma getree. Ten einde my handelskennis uit te brei het ek gedurende die laaste drie jaar die voortsettingsklasse van die Tegniese Kollege alhier bygewoon en het my veral op boekhou en op handelskorrespondensie in Duits en Frans toegelê. Ek is nou vyf jaar werksaam by die firma .... en het sedert die begin van hierdie jaar as boekhouer en buitelandse handelskorrespondent opgetree.

Die rede waarom ek hierdie applikasie maak is om meer kennis en ervaring by 'n groter firma op te doen.

Dit is my baie aangenaam om u na my teenswoordige patrone te verwys, wat bereid sal wees om u enige informasie aangaande my werk en gedrag te verskaf.

Ingeslote vind u afskrifte van my sertifikate en getuigskrifte.

Vertrouende dat u my applikasie in gunstige oorweging sal neem,

Noem ek my, Menere,

4 Bylaes.

U dienswillige....

## Zeugnis — Getuigskrif

H.d.L.

Ons wens hiermee te sertifiseer dat die Heer

..................

van (adres......) by ons in diens was as .... sedert .....

Gedurende al die tyd was sy gedrag uitstekend en die werk aan hom toevertrou het hy altyd met die meeste nougesetheid en ywer verrig.

Dit spyt ons om sy dienste te verloor en ons wens hom alle sukses op sy verdere loopbaan toe.

Adres en Datum. C. H. de Wet

## Zusagende Antwort — Gunstige Antwoord

Die Heer C. R. Grové, Adres en datum.

Meneer,

In antwoord op u applikasie van ... is dit ons aangenaam om u mee te deel dat ons keuse op u geval het.

Ons sal bly wees as u ons 'n besoek bring op ... teneinde alle besonderhede met betrekking tot u benoeming te bespreek.

Intussen teken ons, Die uwe ....

## Ablehnende Antwort — Ongunstige Antwoord

In antwoord op u applikasie vir die vakante betrekking by ons, spyt dit ons om u mee te deel dat u aansoek nie suksesvol was nie (van die hand gewys is).

Die uwe ....

## C

## Bestellung — Bestelling

Naam en adres van firma, Adres en Datum

Waarde Heer,

Ons dank u vir u brief van ... met ingeslote pryskoerant en monsters, en in antwoord daarop het ons die genoeë om die volgende bestelling by u te plaas: —

20 jrt. Sis No. 894 ............ @ 2/3 per jrt.
36 jrt. Japanese Sy No. 236 ..... @ 3/- per jrt.
2 dosyn Rolle Lint No. 194 ..... @ 4/6 per rol.
24 jrt. Ierse Linne No. 86 ....... @ 10 d. per jrt.

Ons voeg hierby die monsters, waarop ons keuse geval het en vertrou dat die besending noukeurig daarmee ooreen sal stem, wat betref kleur en kwaliteit.

Sorg asseblief dat die goedere goed verpak word en ons hoop dat die aflewering binne 14 dae sal geskied.

Op ontvangs van die besending sal ons u 'n tjek vir die bedrag van die faktuur stuur.

As hierdie proefbestelling aan ons verwagting beantwoord sal ons u belangriker orders stuur.

Met agting .....

## D

### Bestätigung — Erkenning van Ontvangs

Die S.A.Direkte Invoerders, Bpk., Langstraat 96, Port Elizabeth.

Bergstraat 184, Johannesburg
9 September, 19...

Menere,

Ons wens hiermee die ontvangs van die besending te erken, waarvan u ons in u brief van 6 deser berig het (adviseer het).

Ons is baie ingenome met die uitstekende uitvoering van ons bestelling.

Ter vereffening van u faktuur sluit ons hierby in ons tjek groot £. ... Geliewe die ontvangs daarvan te erken en ons met die bedrag te krediteer.

Dankend,
J. R. de Villiers & Kie.

---

Naam van Firma: ....

Adres en datum

Menere,

Dit spyt ons dat ons moet kla oor u laaste besending van ... deser, wat ons weier om aan te neem, omdat al die stowwe baie beskadig en bevlek is.

Die goedere was ongetwyfeld blootgestel aan slordige behandeling en dit spyt ons dat ons genoodsaak is om die besending weer tot u beskikking te stel.

Die uwe ....

## E

### Geldsendungen — Geldsendings

(i) Ter vereffening van u faktuur van .... ll. stuur ons u 'n tjek groot £ .... op Londen met die versoek om die ontvangs daarvan te erken (om ons die ontvangs per kerende [per omgaande] te berig).

(ii) Ons het die genoeë om hierby ons tjek groot £ .... in te sluit ter vereffening (voldoening) van u faktuur.

(iii) Ter vereffening van u faktuur groot ... sluit ons hierby 'n wisselbrief op Marseilles in. Geliewe dit teen die voordeligste koers te verdiskonteer en ons met die bedrag te krediteer.

(iv) Ons dank u vir u brief van ..., met tjek groot £ ... ter vereffening van ons faktuur, waarmee ons u onder danksegging (dankbetuiging) gekrediteer het.
Kwitansie hierby (ingeslote).

Vertrouende om verder met u geëerde orders begunstig te word,

1 Bylaag. Bly ons, usw.

### Quittung — Kwitansie

Met dank ontvang van die Heer .... die som van .... pond .... sjielings .... pennies, synde ....

£ ..... Handtekening.

## F

### Eröffnung eines Kontos — Opening van 'n Rekening-koerant

Die Here Gebrs. du Toit,
Presidentstraat 340, Port Elizabeth.

Rivierstraat 15, Bloemfontein,
10 November 1927

Menere,

Ons het al meermale handelsrelasies met u gehad en ons neem die vryheid om u te vra of u geneë is om vir ons 'n Rekening-Koerant te open en ons 'n blanko-krediet van £ 200 toe te staan.

Ons is bereid om verder besigheid met u te drywe en sal bly wees om te weet wat u terme is, na u ondersoek ingestel het aangaande ons stabiliteit (soliditeit).

Ons sluit hierby die name van 'n paar firmas vir referensie in.

In afwagting op 'n spoedige antwoord,

Teken ons, Viljoen & Botha.

Naam en adres van firma

Adres en datum.

Menere,

i.s. Opening van Rekening-koerant.

Ons wens die ontvangs van u geagte skrywe van .... te erken en u mee te deel dat ons graag verder relasies met u firma wil aanknoop deur die opening van 'n Rekening-Koerant en die gevraagde blanko-krediet van £ ... toe te staan.

Ons terme is as volg: –

5% rente op ons voorskotte; en

4% rente op u rekening;

⅓% kommissie;

1% koertasie.

Saldo betaalbaar per wissel 30 dae sig.

As u met hierdie terme akkoord gaan sien ons met belangstelling u orders tegemoet.

Hoogagtend ....

## G

### Empfehlungsbrief — Aanbevelingsbrief

Veroorloof ons om (Ons het die eer om) die Heer ... van ..., wat op 'n besigheidsreis u stad besoek, aan u voor te stel en hom in u vriendelike sorg aan te beveel.

Die doel van sy reis is om persoonlik kennis te maak met ons ou handelsvriende en ook om nuwe betrekkings daar aan te knoop.

Ons versoek u beleefd om hom alle moontlike bystand te verleen en met u goeie raad te dien.

Ons dank u by voorbaat vir alles, wat u vir die Heer ... sal doen en ons is altyd tot wederdiens bereid.

U diensw. dienaar ....

# V. Marktberichte und andere geschäftliche Mitteilungen
# Markrapporte en andere Besigheidsberigte

## A

## Die Wolmark

Die afdeling Landbou-ekonomie en Markte berig as volg oor die toestand van die wolmark in die week geëindig 11 Mei:

**Kaapstad.** — Gedurende die week is 523 bale aangebied en 48 persent verkoop. Die mark is oor die algemeen swakker en die mededinging is beperk.

**Durban.** — Gedurende die week is 743 bale aangebied en 60 persent verkoop. Minderwaardige tiepes word verwaarloos. Mededinging is beperk.

**Oos-Londen.** — Gedurende die week is 1650 bale aangebied en 40 persent verkoop. Mededinging is beperk en die mark is onseker met 'n gemakliker neiging.

**Port Elizabeth.** — Gedurende die week is 5526 bale aangebied en 40 persent verkoop. Die mark is ongeveer een pennie per pond vetwol swakker in vergelyking met verlede week. Mededinging is swak.

**Londen.** — Op die wolveilings in Londen gedurende die week is ongeveer 40,000 bale aangebied en maar net 60 persent verkoop. Baie wol het onverkoop gebly. Die veilings het op Vrydag gesluit met die mark baie ongereeld, wat hoofsaaklik toe te skrywe is aan die onsekerheid van die posisie op die Vasteland. Merino- en fyn kruiswol is ongeveer 5 tot 10 persent laer as die sluitingspryse van die laaste veilings. Die verwagte Duitse aanvraag het nie verwesenlik geword nie.

## B

## Die Veemark

**Slagosse:** Die mark was hierdie week ferm, en pryse was beter.

Die volgende is die heersende pryse: Primas 29/6 tot 31/3; goeie middelklas 24/- tot 25/3 en goeie kompounds 19/3 tot 20/6 per 100 pond.

**Skape:** Hoewel dit verwag was dat daar groot besendings sou wees, was die aanvoer baie klein met die gevolg dat pryse ferm gebly het. Prima Merinos was skaars en het op tot 8d. per pond behaal; goeie middelklas het verkoop teen 7d. per pond. Persies was in sterk aanvraag teen 7½d., en Persiese lammers van 30 pond gewig het 20/- elk behaal. Die skaapmark het baie vas gesluit.

**Varke:** Hierdie afdeling van die mark val nog elke dag. Die hoogste prys vir spek-varke behaal, is 6d. per pond. Baie goeie spekvarke verkoop teen 5d. tot 5½d. per pond.

C

## Die Graanmark

**Mielies.** — By die opening van die mark, Maandagmôre, was daar verkopers van graansuierkwitansies vir dadelike oormaak teen 13/-, maar pryse het gedaal, en by sluiting was 10/9 die beste aanbod. Gedurende die hele week het pryse gedaal, en by Vrydag was die heersende prys 9/9. Daar is nie baie nuwe-oes graad drie mielies in aanbod nie, daar meeste van die mielies wat ge-oes is van goeie kwaliteit graad twee is. Die aanvraag vir nuwe-oes graad twee mielies is taamlik sterk, verkopers was gelukkig om 10/- te kry.

**Bone.** — Besendings was buitengewoon klein vir hierdie tyd van die jaar, en pryse bly ferm. Suikerbone het gegaan vanaf 30/- tot 32/-, ronde suikerbone 24/- tot 26/6, lang suikerbone vanaf 24/- tot 27/-, geel suikerbone vanaf 24/- tot 28/-. „Canadian" Wonderbone is ferm teen 27/- tot 37/6; Kafferbone het verkoop teen 11/6. Gemengde bone verkoop teen vanaf 12/- tot 15/-.

**Die voermark. — Tefgras:** Die mark was vandag regtig baie swak omdat baie groot besendings op hande was. Goeie tefgras het verkoop teen 2/- tot 2/6; middelklas 1/6 tot 1/9; swakkes 1/3 tot 1/6.

**Lusern:** Beste besendings lusern verkoop teen 4/9 tot 5/3; middelklas 3/6 tot 4/6; en swakkes 2/- tot 3/-.

**Hawer:** Daar is 'n baie sterk aanvraag vir hawer. Een besending lokale hawer het gegaan teen 7/9 per 100 pond.

**Aartappels:** By die begin van die week was die mark taamlik sterk, maar teen die sluiting was besendings groter, en pryse het dus gedaal. Beste no. 1 Vrystaatse besendings het verkoop teen vanaf 8/- tot 9/-; no. 2's 7/6 tot 8/6; no. 3's 7/- tot 7/6; en gesnydes 6/- tot 6/6.

D

## Wetter- und Börsenberichte — Weer- en Beursberigte

### Op die Londense Effektebeurs

Die pryse was vandag as volg op die Londense effektebeurs:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Anglo American Corpn ... | 1 | 7 | 3 |
| Cons. Goldfields ... ... ... | 3 | 18 | 1½ |
| Govt. Areas ... ... ... ... | 3 | 1 | 3 |
| Johannesburg Cons. ... ... | 3 | 7 | 0 |
| Randfontein Estate ... ... | 2 | 4 | 6 |
| S.A. Township ... ... ... | 0 | 16 | 6 |

**Die Gouduitvoer** van die Unie gedurende die week geëindig 5 Mei, was 120,906 fyn onse staafgoud ter waarde van £ 513,760 na Engeland.

**Die prys van goud** was vanmôre 135/10 per ons in Londen.—(R.)

**Weerberig** oor die etmaal geëindig vanmôre om 8.30:

| | Maks. | Min. |
|---|---|---|
| Kaapstad ... ... ... ... | 75 | 45 |
| Port Elizabeth ... ... | 81 | 59 |
| Oos-Londen ... ... ... | 75 | 55 |
| Durban ... ... ... ... ... | 78 | 63 |
| Johannesburg ... ... | 78 | 50 |
| Kimberley ... ... ... | 76 | 50 |
| Bloemfontein ... ... | 72 | 35 |
| Pietermaritzburg ... | 83 | 54 |
| Bethulie ... ... ... ... | 76 | 43 |
| Wepener ... ... ... ... | 71 | 34 |
| Pretoria ... ... ... ... | 74 | 43 |
| Kroonstad ... ... ... | 75 | 39 |
| Mafeking ... ... ... ... | 68 | 40 |
| Harrismith ... ... ... | 69 | 29 |
| Lindley ... ... ... ... | 77 | 34 |
| Senekal ... ... ... ... | 71 | 39 |

E

## Berichte aus der Handelswelt
## Berigte uit die Handelswêreld

### Handelsbanke Verlaag Rente nog Verder

Geld bly so volop dat handelsbanke die reeds lae rentekoers van 2 persent op belegginge nog verder afgedruk het tot 1 persent, waar bedrae van meer as £ 10,000 deur een persoon belê word. Bedrae tot £ 10,000 belê deur een persoon, sal nog twee persent rente dra, maar al wat die bedrag bogenoemde som oorskry, sal die rente slegs een persent beloop. Dit wil dan blyk dat geld nog so volop is dat 'n feitlik prohibitiewe rentekoers aangebied word om die belegging van kapitaal in handelsbanke te ontmoedig.

---

### Invoer van goedkoop Spek

JOHANNESBURG, Vrydag, 4 Mei. — Weëns die invoer van goedkoop en minderwaardige spek begin die varkboere in die Unie besorg te voel oor die toekoms van hul mark. Sedert die begin van die jaar het die prys van varke van goeie gehalte geleidelik gedaal van 8½d. tot $6^3/_8$d. per pond dooigewig.

Die ingevoerde spek word nou van een tot twee pennies per pond goedkoper verkoop as die beste Suid-Afrikaanse spek. Hierdie goedkoop spek het as oorsprong Litaue en Pole en dit word verklaar selfs Sjina. Die spek word eers na Engeland of Rotterdam gestuur, en daarvandaan weer na Suid-Afrika verskeep. Hierdie spek word sedert die begin van hierdie jaar in toenemende mate deur handelaars verkoop en word as die oorsaak van die daling in die plaaslike mark vir varke beskou.

# VI. Abkürzungen — Afkortings

Einige der im Afrikaans häufigst vorkommenden Abkürzungen sind:

| | | | |
|---|---|---|---|
| A | adv. | advokaat | Rechtsanwalt |
| | afd. | afdeling | Abteilung |
| | afl. | aflewering | Ablieferung |
| | alg. | algemeen | allgemein |
| | a. s. | aanstaande | nächsten |
| | asb. | asseblief | bitte |
| B | bl. | bladsy | S., Seite |
| | Bep. (Bepk.) | Beperk | m. b. H., mit beschr. Haftung |
| | b. o. | blaai om | b. w., bitte wenden |
| | b. v. | by voorbeeld | z. B. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **C** | cf. cfr. | confer | vgl., vergleiche |
| **D** | dat. | datum | Dt., Datum |
| | d. d. | de dato | vom (Datum) |
| | dept. | departement | Ministerium |
| | d. i. | dit is | d. i. |
| | dnr. | dienaar | ergebener |
| | do. | dito | dito |
| | dol. | dollar | $, Dollar |
| | dos. | dosyn | Dtzd., Dutzend |
| | dr. | dokter | Dr. |
| | ds. | dominee | Pfarrer |
| | D. V. | Deo volente | wenn Gott will |
| | dw. dr. | dienswillige dienaar | ganz ergebenst |
| | d. w. s. | dit wil sê | d. h. |
| **E** | e. a. | en ander | u. a. |
| | Ed. | Edele | Hochwohlgeboren |
| | e. d. | en dergelike | u. dgl. |
| | e. d. m. | en dergelike meer | und dgl. mehr |
| | Eerw. | eerwaarde | Hochwürden |
| | eg. | eersgenoemde | ersterer, oben Genannter |
| | e. k. | eerskomende | nächsten |
| | ens. | ensovoort(s) | usw. |
| | e. v. | eersvolgende | bevorstehenden |
| **F** | fig. | figuurlik | fig. |
| | fo. | folio | Seite |
| **G** | Gebr. | Gebroeders | Gebr. |
| | geïll. | geïllustreerd | bebildert |
| | genl. | Generaal | General |
| | get. | getekend | gez. |
| **H** | H. d. L. | Heil die leser | der geneigte Leser |
| | H. Ed. | Hoog-Edele | Hochwohlgeboren |
| | hh. | here | die Herren |
| | h. v. | hoek van | Ecke von |
| **I** | i. p. v. | in plaas van | anstelle |
| | i. s. | in sake | i. Sa., in Sachen |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **J** | j. | jaar | Jahr |
| | j. l. | jongslede | jüngstens |
| | jr., jnr. | junior | jr., junior |
| | jt. | jaart | engl. Elle |
| **K** | kapt. | kaptein | Kapitän, Hauptmann |
| | k. b. a. | kontant by aflewering | bar bei Auslieferung |
| | Kie. | Kompanjie | Co. |
| **L** | lb. | libra, pond | Pfund |
| | lit. | literatuur | Literatur |
| | l. l. | laaslede | vergangenen |
| | L. W. | Let Wel | Beachte |
| **M** | m. a. w. | met ander woorde | mit anderen Worten |
| | mej. | Mejuffrou | Frl. |
| | mev. | mevrou | Frau |
| | m. i. | myns insiens | m. E., meines Erachtens |
| | mnr.(e) | meneer (menere) | Herr, Herren |
| | ms., mss. | manuskript(e) | Manuskript(e) |
| | my. | maatskappy | Ges., Gesellschaft |
| **N** | N. B. | Nota Bene | N. b. |
| | n. K. | na Kristus | n. Chr. |
| | nl. | naamlik | nämlich |
| | n.m. | namiddag | nachm., p. m. |
| | no. | nommer | Nr. |
| | N. S. | Naskrif | Nachschrift |
| | N. V. | Naamlose Vennootskap | A.-G., Aktiengesellschaft |
| **O** | o. a. | onder andere | u. a. |
| | o. i. | ons(es) insiens | u. E. |
| | o. m. | onder meer | u. a. |
| | opm. | opmerking | Bem. |
| **P** | p. | pagina | Seite |
| | p. a. | per adres | p. Adr., bei |
| | p. a. | per annum | das Jahr |
| | P. K. | Poskantoor | Postamt |
| | p. p. | paginas | Seiten |
| | pres. | president | Präsident |
| | prof. | professor | Prof. |
| | prok. | prokureur | Anwalt |
| | P. A. | Post Scriptum | P. S., Nachschrift |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **R** | red. | redakteur | Schriftleiter |
| | R. P. (Réponse payée) | antwoord betaal | Antwort bezahlt |
| | R. S. V. P. | Répondez s'il vous plaît | u. A. w. g. |
| **S** | sen. | senator | Senator |
| | sekr. | sekretaris | Schriftführer |
| | s. i. | syns insiens | s. E. |
| | s. o. s. | sien ommesyde | b. w. |
| | spr. | spreker | der Redner |
| | sr. | senior | sen., senior |
| | s. s. | stoomskip | Dampfschiff |
| | st. | sterling | Sterling |
| **T** | t. a. p. | ter aangehaalde plaatse | an angegebener Stelle, [a. a. O. |
| | t. t. | totus tuus | ganz der Ihre |
| | t. w. | te wete | d. h. |
| **U** | ult. | ultimo | Ultimo |
| **V** | v. d. | van die | der, vom |
| | vgl. | vergelyk | vgl. |
| | vlg. | volgende | ff., folgende |
| | v. K. | voor Kristus | v. Chr. |
| | v. m. | voormiddag | vorm., a. m. |
| | vs. | versus, teen | gegen |
| | vt. | voet | Fuß |
| | v. v. | vice versa | umgekehrt |
| **W** | waarn., wnd. | waarnemende | stellvertr. |
| | wed. | weduwee | Wwe. |
| | w. g. | was geteken | gez. |

## VII. Südafrikanische Maße und Gewichte
## Suid-Afrikaanse Mate en Gewigte

### 1. Maße — Mate

Im Lande gilt das englische Maß- und Gewichtssystem. Das metrische ist daneben zugelassen. Die Hauptmaße und -gewichte sind:

a) Längenmaße — Lengtemate:

1 Duim (Zoll) = 2,54 cm
1 Kaapse Voet (Fuß) = 0,31 m
1 Kaapse Roede (Rute) = 3,082 m

1 El (Elle) = 0,69 m
1 Tree of Jaart (Yard) = 0,91 m
1 Myl (englische Meile) = 1609,33 m
1 Knoop (Knoten, Seemeile) = 1855 m

b) Flächenmaße — Vlaktemate:
1 vk. Voet (Quadratfuß) = 929,01 qcm
1 vk. Jaart of Tree (Quadratyard) = 8361,12 qcm
1 vk. Myl (Quadratmeile) = 2,59 qkm
1 Akker = 0,4 ha
1 Morg = 0,856 ha
1 Hektare = 10.000 qm

c) Kubikmaße — Kubiekmate:
1 kb. Voet = 28316 ccm
1 kb. Jaart = 0,76 cbm
für Holzmengen
1 Dwarslêer = 2½ kb. Voet
1 Paal = 1 kb. Voet
1 Ton = rund 33 kb. Voet
1 groot Wavrag (Fuhre) = rund 90 kb. Voet

d) Hohlmaße — Inhoudsmate:
1 Gill = 0,14 l
1 Pint = 0,57 l
1 Kwart = 1,13 l
1 Gelling = 4,54 l
1 Ankertjie (kleines Faß) = fast 40 l

## 2. Gewichte — Gewigte

a) Handelsgewichte:
1 Dram = 1,77 g
1 Ons = 28,35 g
1 Pond (lb.) = 453 g
1 Stone = 6,35 kg (wird auch für Körpergewicht gebraucht)
1 Sentenaar (100 Pfund) = 45,30 kg
1 Ton (2000 Pfund) = 1016,04 kg

b) Troygewichte (für Edelmetalle):
1 Grein (Pennyweight) = 1,55 g
1 Ons troy (480 Grän) = 31,1 g
1 Pond (12 Unzen) = 373,24 g

c) Karatgewicht (für Edelsteine):
1 Karaat (k. m.) = 200 mg (3,08647 Grän).

d) Landwirtschaftliche Erzeugnisse werden nach Sak [Bag] (Sack) gehandelt, z. B. bei Kartoffeln = 150 lb, Maismehl = 180 lb, Mais, Weizen, Kaffernkorn = 200 lb usw.

### 3. Temperatur — Temperatuur

Beziehungen zwischen Fahrenheit und Celsius $= \frac{F^0 - 32}{9} = \frac{C^0}{5}$

## VIII. Das südafrikanische Geld
## Die Suidafrikaanse Geld

Im Bereich der südafrikanischen Union gilt das englische Münzsystem, doch hat die Union eigene Noten herausgegeben.

| Bezeichnung | | Handelswert[1]) | | vergleichende Tabelle | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Goldmünzen:** | | | | | | | |
| Pond[2]) ......... | 1/-/- £ | 20,40 | RM | 10 Pfund | = | 200 | RM |
| Halfpond ..... | 10/- s | 10,20 | RM | 10 Halbpfund | = | 100 | RM |
| **Silbermünzen:** | | | | | | | |
| Kroon (nicht im Handel) ...... | 5/- s | 5,10 | RM | 10 Kronen | = | 50 | RM |
| Halfkroon .... | 2/6 s | 2,55 | RM | 10 Halbkronen | = | 25 | RM |
| Floryn ........ | 2/- s | 2,04 | RM | 10 Floryn | = | 20 | RM |
| Sjieling ....... | 1/- s | 1,02 | RM | 10 Schilling | = | 10 | RM |
| Sikspens ...... | 6 d | 0,51 | RM | 10 Sikspens | = | 5 | RM |
| Trippens ...... | 3 d | 0,25½ | RM | 10 Trippens | = | 2,50 | RM |
| **Kupfermünzen:** | | | | | | | |
| Pennie (Oulap) | 1 d | 0,08½ | RM | 10 Pennies | = | 0,80 | RM |
| Halfpennie (kaum im Handel) .. | ½ d | 0,04 | RM | 10 Halfpennies | = | 0,40 | RM |
| Oortjie (nicht im Handel) ...... | ¼ d | 0,02 | RM | 10 Oortjies | = | 0,20 | RM |

Banknoten: eigene 10-Schilling- (Halb-Pfund-), 1 Pfund-, 5 Pfund-, 20 Pfund- und 100 Pfund-Noten.

---

[1]) Goldstandard.

[2]) Guinee (ghienie) ist eine Rechnungsmünze im Werte von 21 Schilling.

# IX. Zum Vergleichen — Om te vergelyk

## I. Psalm 91

1. Wer unter dem Schirm des Höchsten sitzet, und unter dem Schatten des Allmächtigen bleibet,
2. Der spricht zu dem Herrn: Meine Zuversicht und meine Burg, mein Gott, auf den ich hoffe.
3. Denn er rettet mich vom Strick des Jägers, und von der schädlichen Pestilenz.
4. Er wird dich mit seinen Fittichen decken, und deine Zuversicht wird sein unter seinen Flügeln. Seine Wahrheit ist Schirm und Schild.
5. Daß du nicht erschrecken müssest vor dem Grauen des Nachts, vor den Pfeilen, die des Tages fliegen,
6. Vor der Pestilenz, die im Finstern schleicht, vor der Seuche, die im Mittage verderbet.
7. Ob Tausende fallen zu deiner Seite, und Zehntausend zu deiner Rechten, so wird es doch dich nicht treffen.
8. Ja, du wirst mit deinen Augen deine Lust sehen, und schauen, wie es den Gottlosen vergolten wird.
9. Denn der Herr ist deine Zuversicht, der Höchste ist deine Zuflucht.
10. Es wird dir kein Übels begegnen, und keine Plage wird zu deiner Hütte sich nahen.
11. Denn er hat seinen Engeln befohlen über dir, daß sie dich behüten auf allen deinen Wegen.

## I. Psalm 91

1. Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.
2. Ek sal tot die Here sê: My Toevlug en my Burg! my God, op wie ek vertrou!
3. Want Hy sal u red van die strik van die voëlvanger, van die so verderflike pestilensie.
4. Hy sal u dek met Sy vlerke en onder Sy vleuels sal u vertrou; Sy waarheid is 'n skild en beukelaar.
5. U sal nie vrees vir die skrik by nag nie; vir die pyl wat by dag vlieg;
6. Vir die pestilensie wat in die donkerheid wandel; vir die verderf wat op die middag verwoes.
7. Aan u sy sal daar duisend val, en tienduisend aan u regterhand; tot u sal dit nie genaak nie.
8. Alleen sal u dit met u oë aanskou, en u sal die vergelding van die goddelose sien.
9. Want U, Here, is my toevlug! Die Allerhoogste het u gestel tot u vertrek;
10. U sal geen kwaad wedervaar nie, en geen plaag sal u tent nader nie;
11. Want Hy sal Sy engele aangaande u beveel, dat hulle u in al u weë bewaar.

12. Daß sie dich auf den Händen tragen, und du deinen Fuß nicht an einen Stein stoßest.

12. Hulle sal u op die hande dra, dat u u voet aan geen steen stoot nie.

## II. Aus Waldemar Bonsels „Biene Maja"

(Afrikaanse Übersetzung von F. J. Eybers, 3. Auflage, Verlag J. L. van Schaik.)

### 1. Kapitel

### Majas Flucht aus der Heimatstadt

In der Bienenstadt war es inzwischen ruhig geworden. Ein großer Teil der jüngeren Bienen hatte das Reich verlassen, um einen neuen Staat zu begründen. Lange hörte man den großen Schwarm im Sonnenschein brausen.

Es war nicht aus Übermut oder böser Gesinnung gegen die Königin geschehn, sondern das Volk hatte sich so stark vermehrt, daß die Stadt nicht mehr Raum genug für alle Bewohner bot und daß unmöglich so viel Honigvorräte eingebracht werden konnten, daß alle über den Winter ihr Auskommen hatten.

Denn ein großer Teil des Honigs, der im Sommer gesammelt wurde, mußte an den Menschen abgetreten werden. Das waren alte Staatsverträge, dafür sicherten die Menschen das Wohlergehen der Stadt, sorgten für Ruhe und Sicherheit und im Winter für Schutz gegen die Kälte.

### Hoofstuk I

### Maja se eerste Lewensdag

Intussen het dit stil en rustig in die byestad geword. 'n Groot aantal van die jongere bye het die ryk verlaat om 'n nuwe staat te gaan stig. Vir 'n lang tyd kon mens nog die groot swerm in die sonneskyn hoor gons en soem. Dit was nie juis van verwaandheid of uit kwaadaardigheid en kwade bedoelings teen die koningin, dat die opstand plaasgevind het nie, maar die volk het sodanig vermenigvuldig, dat die stad nie meer ruimte genoeg vir al die inwoners kon bied nie; en dit het onmoontlik geword om 'n genoegsame voorraad heuning in te samel, sodat almal deur die winter kon uitkom. Bowedien moes 'n groot deel van die heuning, wat hulle in die somer versamel het, aan die mense afgestaan word. Dit was 'n ou staatsverdrag en in vergelding daarvoor het die mense weer die welvaart van die stad verseker, vir vrede en veiligheid gesorg, en in die winter vir beskerming teen die koue.

Am andern Morgen hörte Maja an ihrem Lager den fröhlichen Ruf: „Die Sonne ist aufgegangen!“

Sofort sprang sie empor und schloß sich einer Honigträgerin an.

„Gut“, sagte diese freundlich, „du kannst mit mir fliegen.“

Am Tor hielten die Wächter sie an. Es war ein rechtes Gedränge. Einer der Torhüter sagte der kleinen Maja das Losungswort ihres Volkes, ohne das keine Biene in die Stadt gelassen wird.

„Merk es dir“, sagte er, „und viel Glück auf deinen ersten Weg.“

Als die kleine Biene vor das Stadttor trat, mußte sie die Augen schließen vor der Fülle von Licht, die ihr entgegenströmte. Es war ein Leuchten von Gold und Grün, so über alles reich und warm und strahlend, daß sie vor Seligkeit nicht wußte, was sie tun oder sagen sollte.

„Das ist aber wirklich großartig“, sagte sie zu ihrer Begleiterin. „Fliegt man da hinein?“

„Nur zu!“ sagte die andere.

Da hob die kleine Maja ihr Köpfchen, bewegte ihre schönen neuen Flügel und empfand plötzlich, daß das Flugbrett, auf dem sie saß, zu versinken schien. Und zugleich war ihr, als glitte das Land unter ihr fort, nach hinten hin fort, und als kämen die großen grünen Kuppeln vor ihr auf sie zu.

Die anderdagmôre hoor Maja by haar bed die vrolike uitroep: „Die son het opgekom!“

Dadelik spring sy op en sluit haar by 'n heuningby aan.

„Goed“, sê hy vriendelik, „jy kan met my saamvlieg.“

By die poort keer die deurwagters hulle voor. Daar was 'n vreeslike gedrang. Een van die poortwagters sê vir die kleine Maja die wagwoord van haar volk, waarsonder geen enkele by in die stad toegelaat word nie.

„Merk nou goed op hierdie woord en onthou dit“, sê hy, „en veelsgeluk op jou eerste reis.“

Toe die bytjie voor die stadspoort kom, moes sy haar oë sluit, weens die vloed van lig, wat haar teëstroom. Daar was 'n skynsel van goud en groen oor alles heen, so ryk en warm en stralend, dat sy van salige genot nie wis wat sy sou doen of sê nie.

„Dit is darem regtig verhewe-heerlik“, waag sy dit eindelik aan haar metgesel. „Vlieg ons daarin uit?“

„Ja, toe probeer maar“, antwoord die ander een.

Toe hef Maja haar koppie op, beweeg haar fraai, nuwe vleuels en ontdek meteens, dat die vliegplank, waarop sy sit, skyn weg te sink, en terselfdertyd was dit vir haar, asof die grond onder haar weggly, weg, al agteruit, en asof die groot, groen koepels uit die verte op haar aangeja kom.

Ihre Augen glänzten, ihr Herz jubelte.

„Ich fliege", rief sie, „das kann nur Fliegen sein, was ich tue! Das ist aber in der Tat etwas ganz Ausgezeichnetes."

„Ja, du fliegst", sagte die Honigträgerin, die Mühe hatte, an Majas Seite zu bleiben.

„Das sind die Linden, auf die wir zufliegen, unsere Schloßlinden, daran kannst du dir die Lage unserer Stadt merken. Aber du fliegst wirklich sehr schnell, Maja."

„Das kann man gar nicht rasch genug", sagte Maja. „Oh, wie duftet der Sonnenschein!"

„Nein", sagte die Trägerin, die etwas außer Atem war, „das sind die Blüten. Aber nun fliege langsamer, sonst bleibe ich zurück und du kannst dir auch auf diese Art die Gegend nicht für den Rückweg merken."

Aber die kleine Maja hörte nicht. Sie war wie in einem Rausch von Freude, Sonne und Daseinsglück. Ihr war, als glitte sie pfeilgeschwind durch ein grünleuchtendes Meer von Licht einer immer größeren Herrlichkeit entgegen. Die bunten Blumen schienen sie zu rufen, die stillen beschienenen Fernen lockten sie, und der blaue Himmel segnete ihren jauchzenden Jugendflug. So schön wird es nie mehr, wie es heute ist, dachte sie, ich

Haar oë glinster, haar hart jubel.

„Ek vlieg!" juig sy. „Dit kan mos niks anders wees nie as vlieg, wat ek nou doen! Dit is inderdaad iets heerlik-vreemd en verruklik."

„Ja, dis reg, jy vlieg", sê die heuningby, wat swaarkry om langs Maja te bly.

„Daardie is die lindebome waarnatoe ons nou vlieg, die linde van ons kasteel, en daaraan kan jy die ligging van ons stad onthou. Maja, jy vlieg darem verbasend vinnig; ek kan nie bybly nie."

„Nee wat, 'n mens kan nooit eers vinnig genoeg vlieg nie", sê Maja. „O, hoe heerlik geurig is die sonneskyn!"

„Nee", verduidelik die heuningby, 'n bietjie uitasem, „dit is die geur van die bloeisels. Maar vlieg nou bietjie stadiger, anders bly ek agter. Ook kan jy op hierdie manier nie behoorlik notisie neem van die pad en omgewing vir die terugreis nie".

Maar die kleine Maja hoor niks meer nie. Sy is soos een, wat dronk van vreugde is, — van sonlig en van louter lewenslus. Dit is vir haar asof sy pylsnel deur 'n groenglansende see van lig daarheen seil, 'n steeds groeiende heerlikheid tegemoet. Die veelkleurige blomme skyn haar toe te roep: die stil-dommelende vertes lok haar en die blouende hemel seën haar juigende jonkheidsvlug. „So

kann nicht umkehren, ich kann an nichts denken als an die Sonne.

pragtig soos dit vandag is, sal dit nooit weer wees nie", dink sy, „ek kan nie omdraai nie, ek kan aan niks anders dink nie, as net aan die heerlike, goue son."

Unter ihr wechselten die bunten Bilder, langsam und breit zog das friedliche Land im Licht dahin. Die ganze Sonne muß aus Gold sein, dachte die kleine Biene.

Onder haar verwissel voortdurend die bont prentjies van die landskap: langsaam en breed trek die vredige landerye in die lig verby. „Die hele son moet van louter goud wees", dink die bytjie.

Als sie über einem großen Garten angelangt war, der in lauter blühenden Wolken von Kirschbäumen, Rotdorn und Flieder zu ruhen schien, ließ sie sich zu Tode erschöpft nieder. Sie fiel in ein Beet von roten Tulpen und hielt sich an einer der großen Blüten fest, preßte sich an die Blumenwand, atmete tief und beseligt und sah über den schimmernden Lichträndern der Blume den strahlend blauen Himmel.

Toe sy so oor 'n groot tuin vlieg, wat in helder bloeiende wolke van kersiebome, meidoring en sering skyn te rus, daal sy omlaag en gaan eindelik sit . . . doodmoeg. Sy val in 'n akker van rooi tulpblomme en klou aan een van die groot bloesems vas, druk haarself teen die blomblad, adem diep en geluksalig en aanskou, oor die skitterende ligrandjies van die blom, die stralende blou hemel omhoog.

„Oh, wie tausendmal schöner ist es in der großen Welt draußen", rief sie, „als in der dunklen Bienenstadt. Niemals werde ich nach dort zurückkehren, um Honig zu tragen oder Wachs zu bereiten. O nein, niemals werde ich das tun. Ich will die blühende Welt sehen und kennenlernen, ich bin nicht, wie die anderen Bienen sind, mein Herz ist für Freude und Überraschungen, für Erlebnisse und Abenteuer bestimmt. Ich will keine Gefahren fürchten, habe ich nicht Kraft und Mut und einen Stachel?" Sie lachte vor Übermut und Freude und nahm einen

„O, hoe duisendmaal mooier is dit hier buite in die grote wêreld", roep sy uit, „as in die noue, donker byestad. Nooit sal ek weer daarheen teruggaan nie, om heuning aan te dra of om was te berei nie. O nee, nooit sal ek dit doen nie. Ek wil die bloeiende, blomryke wêreld sien en leer ken; ek is mos nie soos die ander bye nie; my hart is vir vreugde en verrassinge, vir ervaringe en avonture bestem. Ek sal geen gevare vrees nie; buitendien, het ek dan nie krag en moed en 'n skerp angel

tiefen Schluck Honigsaft aus dem Kelch der Tulpe. Großartig, dachte sie, es ist wirklich herrlich zu leben.

nie?" Sy lag van blydskap en selfvertroue, terwyl sy 'n diepe teug heuningsap uit die kelk van die tulpblom neem. „Verhewe, ja werklik heerlik", dink sy, „is dit om te lewe."

Ach, wenn die kleine Maja geahnt hätte, wie vielerlei an Gefahren und Not ihrer wartete, hätte sie sich sicherlich besonnen. Aber sie ahnte es nicht und blieb bei ihrem Vorsatz.

Ihre Müdigkeit überwältigte sie bald, und sie schlief ein. Als sie erwachte, war die Sonne fort, und das Land lag in Dämmerung.

Ihr Herz schlug doch ein wenig, und sie verließ zögernd die Blume, die im Begriff war, sich für die Nacht zu schließen.

Unter einem großen Blatt, hoch im Wipfel eines alten Baumes, versteckte sie sich, und im Einschlafen dachte sie zuversichtlich:

Ag, as die arme Maja maar kon droom, hoe velerlei gevare en angste haar voorlê, dan het sy haar sekerlik bedink. Maar nou het sy geen voorgevoel daarvan nie en bly dus by haar oorspronklike voorneme. Haar vermoeidheid oorweldig haar weldra en sy raak aan die slaap. Toe sy weer wakker word, was die Son weg en die landskap lê in awendskemering. Haar hartjie het tog wel 'n bietjie gebons, en onseker-weifelend verlaat sy die blom, wat op die punt staan om homself vir die nag inmekaar te rol. Onder 'n groot blaar, hoog in die top van 'n ou boom gaan verberg sy haarself vir die nag, en insluimerende, dink sy vertrouelik:

Ich will nicht gleich am Anfang den Mut verlieren. Die Sonne kommt wieder, das ist bestimmt, Kassandra hat es gesagt, man muß nur fest und ruhig schlafen.

„Ek wil nie somar, in die begin al, my moed verloor nie. Die Son kom tog onfeilbaar-seker weer; dit is gewis, want Kassandra het dit immers self gesê; ek moet net intussen vas en rustig slaap."